HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van 'n geskikte persoon in die volgende vakature:

Internskap: Ontwikklingsbeplanning: Riversdal
R250.00 per dag
Kontrak: 28 Januarie 2019 – 29 Junie 2019

Vereistes: Graad 12 • Rekenaarvaardig (MS Word, Excel en Powerpoint) • Goeie kommunikasie vaardighede • Kennis oor munisipale prosesse en EPWP.
Pligte: Verskaf ondersteuning met die beplanning van EPWP-projekte • Behulpsaam met die administrasie van EPWP kontrakte • Monitor bywoning van EPWP werknemers • Skakel met interne- en eksterne rolspelers • Beplan omgewingsopvoeding en bewusmakingsgeleenthede • Kommunikeer met Eko-skole • Verskaf algemene administratiewe ondersteuning in die Direktoraat: Ontwikkelingsbeplanning

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate sal aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm, asook 'n CV is verpligtend. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak me A. Groenewald by 028 713 7800.

Sluitingsdatum: 17 Januarie 2019

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 28 Februarie 2019 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.